

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia Hantam  
31 Maart 1974

Onderwerp: Brandend vir Jesus?

Lees: Johannes 5 verse 30 tot 38  
Teks: Johannes 5 vers 35  
Sing: Psalm 84 verse 1 en 3  
Gesang 62 vers 3  
Gesang 11 vers 6

“Daar is min betrekkinge vandag wat sonder ’n goeie getuigskrif bekombaar is. Ons as mense maak nogal veel van ’n getuigskrif.

“Hier en daar in Gods Woord vind ons ook getuigskrifte; en van groot betekenis is hierdie uitsprake, veral as daaraan gedink word dat dit deur niemand minder as God self uitgereik is nie.

“Dink byvoorbeeld aan die pragtige getuigskrif wat die Here gee oor sy knek Job: ‘... daar is niemand op die aarde soos hy nie: ’n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad.’ (Job 1:8)

“Dink aan wat Daniël se afgunstige vyande in die vreemde van hom gesê het: ‘Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir ’n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.’ (Dan 6:6)

“Ook van Johannes die Doper het ons ’n getuigskrif. Van hierdie man het Jesus by geleentheid gesê: ‘Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie ...’ (Matt 11:11)

“En asof daar nie genoeg gesê was nie, voeg die Heiland by ’n ander geleentheid ook die woorde: ‘Hy was die lamp wat brand en skyn ...’

“Hy was aan die brand. Die vuur van die Heilige Gees het gegloei en gebrand op die altar van sy hart en lewe. Hy was gewillig om te brand. Ja, om verbrand en verteer te word vir die Here van die Leërskaar.

“Broers op Pinksterdag sien ons die deure van die Kerk oopswaai. Die gemeente wat in onmag en vrees agter geslote deure gesit het, stap die wêreld tegemoet, omdat die Heilige Gees van hulle lewens besit geneem het: ‘... hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek ...’ (Hand 2:4)

‘Helaas, hoe min van hierdie krag sien ons in ons eie lewens. As ons na die gesukkel in die diens van die Here kyk, lyk dit amper of ons nog in die dae voor Pinkster

lewe. Met allerhande argumente probeer ons, ons kragteloosheid goedpraat. Tog staan ons pynlik skuldig in die lig van ons Meester se woorde: '... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees ...' (Hand 1:8)

"'n Brandende hart is 'n geesvervulde hart. Dit is 'n hart wat op God gewag en sy sterkte in Hom gevind het. Jesaja sê: '... die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.' (Jes 40:31)

"Jesus gee hier aan ons die regte perspektief. Volgens Hom is die toppunt van ware krag nie die opvaar op arendsvlerke in momente van groot emosie nie; ook nie die handloop onder geweldige wilsinspanning nie; maar die daelikse wandel in heiligheid in kontak met Jesus, sonder om te verslap en moeg te word.

"Die hart wat, soos dié van Johannes die Doper, met die vuur van God se altar aangeraak is, vra altyd vol geesdrif: 'Here wat wil U hê moet ek doen?' So iemand onderneem groot dinge vir die Here.

"Die wêreld het vandag so 'n groot behoefte aan sulke mense. Mense wie se hart, soos dié van die Emmaüsgangers, brandend in hulle geword het. Mense wat net een begeerte het - dat Jesus by hulle sal vertoef en hulle by Jesus.

"Die lou hart daarenteen is vir die werk van die Here 'n belemmering en 'n struikelblok. So 'n hart stuit die vloei van die heilswater van die Evangelie in sy voortgang. Dit is vir God 'n gruwel. Vir die gemeente van Laodicea het Jesus gesê: '... omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.' (Openb 3:16)

"Dit word vertel dat toe die Titanic met ondergang bedreig was, daar twee bote naby was wat magteloos was om die sinkende skip te hulp te snel, omdat daar geen vuur onder hulle stoomketels was nie. Hulle was koud en dus magteloos om uit te vaar.

"So sterf daar in geestelike nood vele rondom ons daaglik en ons is netso magteloos om te help, omdat die vuur van die Heilige Gees in ons lewens ontbreek.

"Dit is alleen die brandende en geesvervulde hart wat 'n aandeel het aan die program van God. So iemand sal nie by die lamme verby stap en hom met 'n hartelose aalmoesie laat nie. Nee, Broers en Susters, gekollekteerde liefdadigheid wat meen dat die nood van die sterwende mens met 'n toevallige muntstukkie

gehelp kan word, het in 'n geesvervulde, brandende lewe geen plek nie. Die brandende lewe buig soos sy Meester by die verminkte en gevallene en raak hom aan met die gloed van God se liefde. Deur die geesvervulde lewe reik die Meester uit om verminkte en gevalle mense tot 'n nuwe lewe en hoop aan te gryp. In hierdie gesindheid het Jesus vir ons sy kruisdood gesterf. In hierdie gees gaan Jesus nog vandag voor ons uit en wink Hy ons om Hom te volg.

“Johannes die Doper het homself ook so volkome oorgegee vir die diens van sy Meester. Hy word aan ons voorgestel in die beeld van 'n brandende handlampie. Die lampie wat rondgedra is, om dan hier en dan daar sy lig te laat skyn. So was die lewe van Johannes die Doper. Soos 'n lampie wat uitgestuur is na elke God welbehaaglike oord. Om daar die lig van God te verkondig.

“Wat 'n mens in hierdie gesant van God se lewe tref, was sy volkome selfloosheid. Solank hy maar die lig op Jesus Christus kon laat val, was hy tevrede. Keer op keer verklaar hy met nadruk: ‘Ek is nie die Christus nie.’ (Joh 1:20)

“Hy was maar 'n stem. Hy was maar die vriend van die Bruidegom: ‘Hy moet meer word en ek minder.’ (Joh 3:30) Waarlik, Johannes die Doper was gewillig om maar net 'n lampie in die hand van die Here Jesus te wees.

“Broers en Susters, dit hang nie daarvan af hoe groot en hoe mooi die lamp is nie. U het moontlik nie sulke buitengewone talente nie. Ons is ten beste moontlik maar van die mindere ligte. Groot skares vergader nie rondom ons, soos rondom Johannes die Doper nie. Per slot van sake is ons maar heel gewone mense. En tog as ons gewillig is om die lamp van ons lewe in Sy hand te plaas, sal Hy ons met vrug gebruik.

“Hy sal ons dra na die huis en plek waar Hy ons wil laat brand en skyn.

“Dalk is die plekkie in ons eie huis, in ons omgewing, in ons buurt, of op een of ander plek waar Hy juis net vir ons wil gebruik.

“Soms voel ons dat die plek te nederig en te beskeie, te eenvoudig vir ons is. Soms voel ons dat ons te eenvoudig en beskeie is vir die taak wat Hy aan ons gegee het. Maar daarvan kan ons wel seker wees. Hy weet waar Hy die lamp van u lewe die beste kan gebruik. Ons kan dit werklik met groot gerustheid aan Hom toevertrou.

“Die lamp wat brand sal in Sy hand die massas bereik. Dit sal hulle dwing om stil te staan en te luister.

“Helaas Broers en Susters, die wêreld kry nie altyd by ons dit wat hulle tot verbaasdheid, radeloosheid of bekering dwing nie. So min gebeur dit dat die heiligheid van ons lewe, die krag van ons getuienis andere aangryp.

“Maar Broers en Susters, waar ’n lewe in Jesus Christus se sierlike gestalte staan, sal dit die sterwende mens aangryp en genees. En al sal daar veragting, bespotting en teenstand verduur moet word, sal die lam man wat volkome genees is, ons boodskap bevestig. As ons maar net geeservuld in Sy diens staan, sal die Duiwel nie kan verhinder dat siele tot God se Koninkryk gevoeg word nie.

“Laat dan u Gees, o Here, ons altyd in staat stel om vir U in hierdie gees van lojale toewyding Christendissipels te wees. Lampe wat brand en skyn. So was Johannes die Doper. Mag dit ook die getuienis van u en my lewe wees.

“Amen.”